

VERORDENINGE: POLOKWANE MUNISIPALITEIT

BY-LAWS: POLOKWANE MUNICIPALITY

**Provincial Gazette:
Administrator's Notice 873
24 November 1965, as amended**

**Provinsiale Koerant:
Aministrateurskennisgewing 873
24 November 1965, soos gewysig**

**PIETERSBURG MUNICIPALITY:
PARKING METER BY-LAWS**

**MUNISIPALITEIT PIETERSBURG:
PARKEERMETERVERORDENINGE**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance and section 163 of the Road Traffic Ordinance, 1957.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge die bepalings van artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie en artikel 163 van die Padverkeersordonnansie, 1957, goedgekeur is.

Definitions

Woordomskrywing

1. *For the purposes of these by-laws, unless the context otherwise indicates-*

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken-

“Council” means the Town Council of Pietersburg, or any officer or employee of that Council to whom the Council has delegated any of its powers under these by-laws in terms of the provisions of section 58 of the Local Government (Administration and Elections), Ordinance, 1960;

“afgemerkte parkeerplek” ‘n afgemerkte parkeerplek gepaard waarmee ‘n parkeermeter opgerig is soos bedoel in artikel 105 van die Padverkeersordonnansie, 1957 (No. 18 van 1957);

“demarcated parking place” means a demarcated parking place in conjunction wherewith a parking meter has been installed as contemplated in section 105 of the Road Traffic Ordinance, 157(No. 18 of 1957);

“afgemerkte parkeerplek vir motorfietse” ‘n afgemerkte parkeerplek in verband waarmee ‘n parkeermeter opgerig is soos beoog by artikel 105 van die Padverkeersordonnansie, 1957, en wat slegs vir die parkering van motorfietse bedoel is;

<p><i>“demarcated parking place for motor cycles” means a demarcated parking place in conjunction wherewith a parking meter has been installed as contemplated in section 105 of the Road Traffic Ordinance, 1957, and intended for the use of motor cycles only;</i></p>	<p>“motorfiets” ‘n selfaangedrewe voertuig wat twee wiele het.</p>
<p><i>“motor cycle” means a self-propelled vehicle which has two wheels;</i></p>	<p>“parkeermeter” ‘n toestel wat, nadat ‘n muntstuk daarin geplaas is, of wat, nadat ‘n muntstuk daarin geplaas is en dit ingevolge artikel 2 in werking gestel is, die tydsverloop outomaties registreer en sigbaar aandui volgens die muntstuk wat daarin geplaas is en dit sluit enige paal of vaste voorwerp waaraan dit gemonteer is in;</p>
<p><i>“parking meter” means a device for automatically registering and visibly recording the passage of time in accordance with the insertion of a coin therein, or in accordance with the insertion of a coin therein followed by it being put into operation in terms of section 2, and shall include any post or fixture to which it is attached;</i></p>	<p>“parkeertermyn” die tydsduur waarin daar in ‘n afgemerkte parkeerplek of afgemerkte parkeerplek vir mtotorfietse geparkeer kan word nadat sodanige muntstuk as wat die Raad van tyd tot tyd by besluit vasstel, in die parkeermeter geplaas is en waar van toepassing die parkeermeter ingevolge artikel 2 in werking gestel is</p>
<p><i>“parking period” means that period of parking in a demarcated parking place or demarcated parking place for motor cycles which is permitted by the insertion into a parking meter of such coin as the Council shall from time to time by resolution determine, and where applicable, the putting into operation of the parking meter in terms of section 2;</i></p>	<p>“Raad” die Stadsraad van Pietersburg of enige beampste of werknemer van daardie Raad aan wie die Raad enige van sy bevoegdhede ingevolge hierdie verordeninge kragtens die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, gedelegeer het;</p>
<p><i>“vehicle” means a vehicle as defined in the Road Traffic Ordinance, 1957, and which has more than two wheels.</i></p>	<p>“voertuig” ‘n voertuig soos omskryf in die Padverkeersordonnansie, 1957, en wat meer as twee wiele het.</p>

- | | |
|--|---|
| <p>2. <i>No person shall park any vehicle or motor cycle, or cause any vehicle or motor cycle to be parked in any demarcated parking place or demarcated parking place for motor cycles unless there shall be at the same time inserted by him or on his behalf in the parking meter a coin or coins as prescribed in terms of section 5 or any other relevant resolution of the Council, and if it is a parking meter which is not put into operation by the insertion of a coin only, unless such parking meter is thereafter put into operation by turning the handle attached thereto fully towards the right until it automatically registers and visibly shows the passage of time; Provided that:-</i></p> <p>(a) <i>such coin or coins need only be inserted during such hours as the Council may by resolution prescribe and as shall be indicated by notice or sign in respect of every demarcated parking place but in any event not between 1 pm on Saturdays and 8 am on Mondays;</i></p> <p>(b) <i>subject to the provisions of subsection (c), it shall be lawful without such payment to park a vehicle or motor cycle in a vacant demarcated parking place or demarcated parking place for motor cycles for such a part and such part only of any parking period as a parking meter may indicate to be unexpired;</i></p> | <p>2. Niemand mag 'n voertuig of motorfiets in 'n afgemerkte parkeerplek of afgemerkte parkeerplek vir motorfietse parkeer of laat parkeer nie, tensy hy, of iemand namens hom, op diè tydstip 'n muntstuk of muntstukke ooreenkomstig die bepalings van artikel 5, of enige ander toepaslike raadsbesluit, in die parkeermeter wat aan sodanige afgemerkte parkeerplek toegewys is, plaas, en as dit 'n parkeermeter is wat nie slegs deur die plasing van 'n muntstuk daarin in werking gestel word nie, tensy sodanige parkeermeter daarna in werking gestel word deur die handvatstel wat daaraan gemonteer is heeltemal na regs te draai totdat dit die tydsverloop outomaties register en sigbaar aandui.</p> <p>(a) sodanige muntstuk of muntstukke nie daarin geplaas hoef te word nie gedurende die tydperk wat by raadsbesluit voorgeskryf word, en wat by kennisgewing of met 'n teken vir elke afgemerkte parkeerplek aangedui word, maar in elk geval nie gedurende die tydperk wat strek van 1 nm op Saterdag tot 8 vm op Maandag nie;</p> <p>(b) behoudens die bepalings van subartikel (c) dit wettig is om 'n voertuig of motorfiets in 'n leë afgemerkte parkeerplek of afgemerkte parkeerplek vir motorfietse te parkeer gedurende 'n parkeertermyn wat volgens die parkeermeter onverstreke is, sonder om die voorgeskrewe bedrag te betaal, maar dan net gedurende die onverstreke gedeelte van die parkeertermyn;</p> |
|--|---|

- (c) *where a person has ascertained that the parking meter of a demarcated parking place or demarcated parking place for motor cycles is not operating or not operating properly, he shall be entitled to leave a vehicle or a motor cycle in that parking place but shall in that case immediately inform the chief traffic officer by the quickest possible means of the facts, including the registration number, if any, of the said vehicle or motor cycle.*
3. *It shall be unlawful, either with or without the insertion of a fresh coin in the parking meter, and, where applicable the putting into operation again the parking meter in terms of section 2, to leave any vehicle or motor cycle in a demarcated parking place or demarcated parking place for motorcycles after the expiry of a parking period as indicated by the parking meter, or to return the vehicle or motor cycle to the said parking place within fifteen minutes of such expiry, or after such expiry to obstruct the use of that space for any other vehicle.*
4. *The insertion of a prescribed coin in a parking meter in terms of these by-laws, and where applicable, the putting into operation thereof in terms of section 2, shall entitle the person inserting it to park a vehicle or a motor cycle in the appropriate demarcated parking place or demarcated parking place for motor cycles for the period corresponding with the payment so made: Provided that, notwithstanding the making of a payment as aforesaid, nothing in this section shall entitle any person to ignore a road traffic sign prohibiting the parking of vehicles between specified hours.*
- (c) indien iemand vasgestel het dat die parkeermeter vir 'n afgemerkte parkeerplek of afgemerkte parkeerplek vir motorfietse nie werk nie, of nie behoorlik werk nie, hy die reg het om 'n voertuig of 'n motorfiets in die parkeerplek te laat, maar dan moet hy die verkeershoof onmiddellik op die allergouste manier van die toedrag van sake verwittig en die registrasienommer van die voertuig of motorfiets indien dit 'n nommer het, verstrek.
3. Niemand mag, of hy nou al opnuut 'n muntstuk in die parkeermeter geplaas het of nie, 'n voertuig of motorfiets in 'n afgemerkte parkeerplek of afgemerkte parkeerplek vir motorfietse laat staan nadat die parkeertermyn volgens die parkeermeter verstryk het, en waar van toepassing, hy die parkeermeter ingevolge artikel 2 opnuut in werking gestel het, of die voertuig of motorfiets binne vyftien minute nadat dië termyn verstryk het, weer in genoemde parkeerplek stoot, of nadat dië termyn verstryk het verhoed dat dië parkeerplek vir ander voertuie gebruik word nie.
4. Wanneer iemand 'n muntstuk ingevolge hierdie verordeninge in 'n parkeermeter geplaas het en waar van toepassing die parkeermeter ingevolge artikel 2 in werking gestel het, het hy die reg om 'n voertuig of 'n motorfiets gedurende die termyn wat deur die bedrag wat hy aldus betaal het, gedek word, in die toepaslike afgemerkte parkeerplek of afgemerkte parkeerplek vir motorfietse te parkeer: Met dien verstande dat, al het iemand die bedrag aldus betaal, geen bepaling wat in hierdie artikel vervat is, aan hom die reg verleen om 'n padverkeersteken waarby dit verbied word om voertuie tussen bepaalde ure daar te parkeer te verontagsaam nie.

- | | |
|--|---|
| <p>5. <i>The period during which a vehicle or a motor cycle may be parked in any demarcated parking place or demarcated parking place for motor cycles and the coin or coins to be inserted in respect of that period in the parking meter allocated to any such parking places shall be such as the Council may from time to time by resolution determine, and the said period and the coin to be inserted in respect thereof, shall at all times be clearly indicated on the parking meter itself.</i></p> | <p>5. Die Raad bepaal van tyd tot tyd by besluit hoe lank 'n voertuig of 'n motorfiets in 'n afgemerkte parkeerplek of afgemerkte parkeerplek vir motorfietsse geparkeer kan word en watter muntstuk of muntstukke ten opsigte van sodanige tydperk in die parkeermeter wat aan sodanige parkeerplekke toegewys is, geplaas moet word en genoemde tydperk en die muntstuk wat ten opsigte daarvan in die meter geplaas moet word, moet te alle tye duidelik op die parkeermeter self aangegee word.</p> |
| <p>6. <i>It shall be unlawful:-</i></p> <p>(1) <i>to insert or attempt to insert into a parking meter any coin other than a valid coin of South African currency of a denomination as prescribed by the Council in terms of section 5;</i></p> <p>(2) <i>to insert or attempt to insert into a parking meter any false or counterfeit coin or any foreign object;</i></p> <p>(3) <i>to damage or deface, or to write or draw on, or to affix any handbill, poster, placard or other document, whether or not of an advertising nature, to a parking meter: Provided that advertising signs approved by the Council, may be attached to any parking meter pole, subject to conditions laid down by the Council;</i></p> <p>(4) <i>in any way whatsoever cause or attempt to cause a parking meter to record the passage of time otherwise than by the insertion of the prescribed coin;</i></p> | <p>6. Niemand mag:-</p> <p>(1) 'n ander muntstuk as 'n geldige Suid Afrikaanse muntstuk van 'n waarde deur die Raad ingevolge artikel 5 bepaal, in 'n parkeermeter plaas, of probeer plaas nie;</p> <p>(2) 'n vervalste of nagmaakte muntstuk of enige ander voorwerp in 'n parkeermeter plaas, of probeer plaas nie;</p> <p>(3) 'n parkeermeter beskadig, ontsier of daarop skryf of teken, of 'n strooibiljet, aanplakbiljet, plakkaat of 'n ander dokument of dit nou vir reklame bedoel is of nie, daarop plak nie: Met dien verstande dat advertensiebordjies deur die Raad goedgekeur, aan enige parkeermeterpaal aangebring kan word, onderhewig aan voorwaardes deur die Raad bepaal;</p> <p>(4) in stede daarvan om die voorgeskrewe muntstuk daarin te plaas, ander metodes aanwend of probeer aanwend om 'n parkeermeter die tydsverloop te laat registreer nie;</p> |

- | | |
|--|---|
| <p>(5) <i>to jerk, knock, shake or in any way agitate a parking meter which is not working properly or at all, in order to make it do so, or for any other purpose;</i></p> <p>(6) <i>to deface, soil, obliterate or otherwise render less visible or interfere with any mark painted on the roadway, or any sign or notice erected for the purposes of these by-laws.</i></p> <p>7. <i>Every vehicle or motor cycle shall be so placed in a demarcated parking place or demarcated parking place for motor cycles, other than one which is at an angle to the kerb, that its near side wheels are not more than 450mm from the kerb, and shall in every demarcated parking place or demarcate parking place for motor cycles, be so placed that it is laterally within that space and that the driver's seat, or in the case of a motor vehicle with left-hand drive, the front-passenger's seat, is opposite and close to the mark known as the driver's marker, painted on the surface of the road or, in the case of a one-way street in which parking on the right-hand side thereof is permitted, on the footway or roadway.</i></p> | <p>(5) 'n parkeermeter wat nie behoorlik werk nie of glad nie werk nie, stamp, skud of op enige ander manier aan die gang probeer kry, of met enige ander doel so iets doen nie;</p> <p>(6) 'n merk wat op die pad geverf is of 'n teken of kennisgewing wat aangebring is vir die toepassing van hierdie verordeninge, skend, bevuil, uitwis of op 'n ander wyse minder leesbaar maak nie, of daaraan peuter nie.</p> <p>7. Iedere voertuig of motorfiets moet op so 'n wyse in 'n afgemerkte parkeerplek of afgemerkte parkeerplek vir motorfietse, uitgesonderd 'n ruimte wat 'n hoek met die randsteen vorm, geparkeer word dat die wiele daarvan wat die naaste aan die randsteen is, hoogstens 450mm daarvan af is, en moet voorts op so 'n wyse in genoemde afgemerkte parkeerplek of afgemerkte parkeerplek vir motorfietse gestoot word dat dit oorlangs in die ruimte inpas en dat die bestuurder se stiplek, of in die geval van 'n motorvoertuig met 'n linkerhandse stuur, die voorste passasierstiplek regoor en naby 'n merk is wat as die bestuurder se merk bekendstaan en wat op die blad van die pad, of in die geval van 'n eenrigtingstraat waar daar aan die regterkant ook geparkeer kan word, op die sypaadjie of pad geskilder word.</p> |
|--|---|

- | | |
|---|--|
| <p>8. <i>Where any vehicle or motor cycle parked in a demarcated parking place or demarcated parking place for motor cycles by reason of its length occupies so much of an adjoining space that it is not possible to park a vehicle in that adjoining parking place in the manner prescribed in terms of section 7 the person parking the first mentioned vehicle shall immediately after parking insert an appropriate coin in the parking meters of both the said spaces, and where applicable, put such parking meters into operation in terms of section 2.</i></p> <p>9. <i>The passage of time as recorded by a parking meter shall be deemed to be correct unless and until the contrary be proved and the burden of so proving shall be on the person alleging that the parking meter has recorded inaccurately.</i></p> <p>10. <i>Any person contravening any provision of these by-laws shall, on a first conviction, be liable to a fine not exceeding R50 and on any subsequent conviction to a fine not exceeding R100.</i></p> | <p>8. Indien 'n voertuig of 'n motorfiets in 'n afgemerkte parkeerplek of afgemerkte parkeerplek vir motorfietsse geparkeer word en dit so lank is en soveel van die aangrensende ruimte in beslag neem dat daar nie 'n voertuig in die aangrensende parkeerplek op die wyse wat in artikel 7 voorgeskryf word, geparkeer kan word nie, moet die persoon wat eersgenoemde voertuig geparkeer het onmiddellik nadat hy dit geparkeer het 'n toepaslike muntstuk in die parkeermeters van elkeen van die genoemde ruimtes plaas, en waar van toepassing, sodanige parkeermeters ingevolge artikel 2 in werking stel.</p> <p>9. Daar word aangeneem dat 'n parkeermeter die verloop van tyd juis geregistreer het, tensy en totdat die teendeel bewys is, en die bewyslast rus op die persoon wat beweer dat die parkeermeter die verloop van tyd onjuis geregistreer het.</p> <p>10. Iemand wat 'n bepaling van hierdie verordeninge oortree, kan by 'n eerste skuldigbevinding met hoogstens R50 en by 'n daaropvolgende skuldigbevinding met hoogstens R100 beboet word.</p> |
|---|--|